# LAERSKOOL MIKRO

Telefoon: 021 – 903 2126
Faks: 021 – 903 2523
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

***… waar kind nog kind kan wees …***

## PROSEDURE VIR AANSOEK OM TOELATING TOT GRAAD R - 2020/2021

**L.W.** Voltooide aansoekvorm moet die skool voor of op Vrydag, 13 Maart 2020, bereik. Skriftelike bevestiging van toelating sal teen Vrydag, 5 Junie 2020, geskied.

1. Die volgende dokumente/gewaarmerkte afskrifte daarvan moet saam met die vorm

   **"AANSOEK OM TOELATING"**

   ingehandig word:

   ➔ u kind se kliniekkaart

   ➔ beide biologiese ouers se identiteitsdokument en slegs die kind se onverkorte geboortesertifikaat

   ➔ By 'n inskrywing moet 'n afskrif van 'n munisipale rekening of 'n gesertifiseerde bewys van die huidige vaste adres, die vorm "Aansoek om Toelating" vergesel.

2. 'n R310 pakketfooi moet die aansoekvorm vergesel.

   ➔ Hierdie bedrag word gebruik vir verpligte benodigdhede (T-hemp, sakkie, voorskoot, ens.) en maak nie deel uit van die skoolfondsbydrae nie. Vanjaar se ouerbydrae beloop R1 270 per kind per maand (11 maande) of R13,970 per jaar. Die skoolfondsbedrag vir 2021 word in Oktobermaand vasgestel.

   ➔ Bogenoemde administratiewe fooi sal slegs terugbetaal word indien u kind nie toegelaat word nie, maar nie by onttrekking van die aansoek nie.

## BEVESTIGING VAN TOELATING

→ Leerders wat binne ons onmiddellike omgewing (die voorheen tradisionele bedieningsgebied) woonagtig is en voldoen aan ons toelatingsbeleid, kry voorkeur.

→ Leerders wat buite ons onmiddellike omgewing (die voorheen tradisionele bedieningsgebied) woonagtig is, se ouers sal gedurende November 2020, skriftelik in kennis gestel word of die aansoek om toelating geslaag het.

→ Voorkeur word gegee aan leerders wat in 2021 ses jaar oud word. Die leerders wat in 2021 voor/op 30 Junie 2021 vyf jaar oud word, kom daarna in aanmerking vir toelating.

______________________

L.C. Mouton
SKOOLHOOF